higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

PROJEKBESTUUR
NKR VLAK 3

(3081033)

21 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n ... stel jou in staat om die projekwerk in hanteerbare stukke te verdeel en help jou om die koste van die projek meer akkuraat te beraam.

A Netwerkdiagram
B Gantt-grafiek
C Werkontledingstruktuur
D Stroomdiagram ('flow chart')

1.2 'n Stel reëls om gedrag en besluite in 'n spesifieke situasie te rig:

A Etiek
B Wette
C Gelykheid
D Gedragskode

1.3 'n Reeks stappe wat gevolg word om 'n bepaalde doel te bereik, staan bekend as 'n ...

A inisiasie.
B proses.
C implementering.
D afsluiting.

1.4 Gesondheidsverslae en salarisbesonderhede van projekspanlede kan as ... geklassifiseer word.

A professioneel
B hoogs vertroulik
C algemeen
D beperk

1.5 'n Instrument wat gebruik word om te toon wie op 'n spesifieke tyd vir 'n bepaalde taak verantwoordelik is:

A Tydlyn
B Fase
C Subprojek
D Skedule/rooster

1.6 'n Kenmerk van 'n projek:

A Dit hang van belanghebbendes af.
B Afgebakende uitkoms
C Eenmalige poging
D Al die bogenoemde

Kopiereg voorbehou

1.7 'n Tegniek wat deur 'n persoon gebruik word om te kontroleer of dit wat gelewer word van 'n aanvaarbare standaard is:

A Dinkskrum
B Inspeksie
C Gestommel
D Geheuekaart

1.8 Wanneer 'n leier weet dat sy/haar span sowel ervare as gewillig is om 'n sekere taak uit te voer, sal hy/sy 'n ... leierskapstyl gebruik.

A delegering
B ondersteunende
C rigtende
D afrigting

1.9 Die verskil tussen dit waarvoor begroot is en dit wat bestee is:

A Werklik
B Beheer
C Afwyking
D Toegewyde

1.10 'n Organisasiestruktuur waarvolgens elke spanlid aan die bedryfsbestuurder asook die projekbestuurder verslag doen:

A Matriksstruktuur
B Komplekse struktuur
C Funksionele struktuur
D Mensehulpbronstruktuur

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Template verminder tydvermorsing en verbeter 'n projek se doeltreffendheid.

2.2 Die erkenning van 'n span se prestasie gee aan die spanlede die gevoel dat hul vaardighede en vermoëns waardeer word.

2.3 Dit is onnodig dat die projekbestuurder finansiële rekords volgens ooreengekome standaarde en prosedures handhaaf.

2.4 'n Netwerkdiagram is 'n grafiese hulpmiddel om die volgorde en verhoudings tussen take in 'n projek uit te beeld.

2.5 'n Eenvoudige projek is een wat min hulpbronne behels en 'n beperkte uitwerking op die omgewing het.

2.6 'n Elektronies gebaseerde liasseerstelsel behels dat dokumente in lêers en liasseerkabinette gestoor word.

2.7 Beheer is 'n tegniek wat gebruik word om werklike werkverrigting met beplande werkverrigting te vergelyk en die verskil te ontleed.

2.8 Kosteraming is die proses wat nodig is om 'n benadering van die koste te ontwikkel van die hulpbronne wat benodig word om die projekaktiwiteite te voltooi.

2.9 Hulpmiddels is stelselmatige prosedures wat in projekbestuur gebruik word om 'n uitkoms te lewer.

2.10 'n Projekouditspoor is 'n volgorde van stappe wat nagespoor kan word deur gebruikmaking van dokumente as bewys van handelinge wat tydens 'n projek uitgevoer en besluite wat geneem is.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae.

SUNNYSIDE HOTEL-UITBREIDINGSPROJEK



Die Sunnyside Hotel, geleë in Pretoria, is besig om hulle gebou uit te brei om plek te maak vir 12 en suite-slaapkamers en 10 selfsorgeenhede. Die hotelbestuur het Matthew Maisa gehuur om toesig te hou oor die 3,6 miljoenrandprojek wat binne 18 maande voltooi moet wees. Die omvang van die projek verg dat die en suite-slaapkamers badkamers insluit met instapstorte, lugversorging, ingeboude kluise, DStv, en lessenaars met kragpunte, 'n koffiehoekie, haardroërs en telefone.

Die selfsorgsuites moet toestelle soos ys-vrieskaste, mikrogolfoonde, broodroosters en ketels bevat en daar moet ook genoeg messegoed en breekware vir vier mense in die kaste wees. Die selfsorgeenhede moet ook 'n sitkamer en volledige badkamer hê.

Matthew Maisa en sy projekspanlid, Sipho Koane, weet dat hulle nou met die hotelbestuur moet saamwerk om te verseker dat daar aan al die behoeftes en spesifikasies van die projek voldoen word. Matthew weet ook dat gesamentlike besluitneming 'n deurslaggewende rol sal speel om die span se samewerking te kry vir die groot taak wat voorlê.

Hulle beplan om die projek in vier fases te voltooi, wat soos volg uitgevoer sal word:

Fase 1	Buitewerk sluit in mure, vensters, deure, dakwerk, pleisterwerk en verfwerk.
Fase 2	Installering van toestelle en toerusting, inbou van kaste en voltooiing van vloere.
Fase 3	Passing van gordyne en blindings.
Fase 4	Meubilering van die kamers en installering van toestelle.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Identifiseer TWEE redes vir die onderneming van die bostaande projek. (2 × 2) (4)

3.2 Verduidelik die VYFSTAPPROSES wat Matthew Maisa moet volg wanneer die gedragskode oortree word. (5 × 2) (10)

3.3 Noem en gee 'n voorbeeld van die TWEE tipes koste wat in 'n projek aangetref word. (2 × 2) (4)

3.4 Onderskei tussen 'n *outokratiese bestuurstyl* en *permissiewe bestuurstyl* wat Matthew Maisa kan toepas. (2 × 2) (4)

3.5 Identifiseer en bespreek konstruktiewe, nieontwrigtende gedrag wat die projekspan in staat stel om goed saam te werk. (5 × 2) (10)

3.6 Beskryf risikobestuur as 'n projekbestuur-subproses wat nodig is om die Sunnyside Hotel-uitbreidingsprojek te ondersteun. (3)

[35]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die volgende twee konsepte van etiek rakende eiendom en persoonlike regte wat die Sunnyside Hotel-uitbreidingsprojek betref.

4.1.1 Arbeidsbetrekkinge

4.1.2 Menswaardigheid

(2 × 3) (6)

4.2 In enige projek word 'n bepaalde mensehulpbronhiërargie aangetref.

Verduidelik die verskil tussen 'n *projekbestuurder* en 'n *projekspanlid* in die hiërargie van die Sunnyside Hotel-uitbreidingsprojek. (2 × 2) (4)

4.3 Verduidelik die eienskappe waaroor Sipho Koane as 'n goeie leier behoort te beskik. (5 × 2) (10)

4.4 Verduidelik waarvoor 'n kosteontledingstruktuur in 'n projek gebruik word. (2)

4.5 Matthew Maisa en sy span maak staat op rekenaars as 'n projekbestuur-hulpmiddel:

4.5.1 Identifiseer TWEE probleme wat met die gebruik van rekenaars ondervind kan word. (2)

4.5.2 Gee TWEE moontlike oplossings vir die probleme wat in VRAAG 4.5.1 geïdentifiseer is. (2 × 2) (4)

4.6 Hoe kan Matthew Maisa afwykende en korrektiewe handelinge rakende die begroting vir die bostaande projek kommunikeer? (2)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Identifiseer DRIE belanghebbendes by die Sunnyside Hotel-uitbreidings-projek. (3)

5.2 Verduidelik hoe leierskapsvaardighede en -tegnieke binne die bestek van die bostaande projek toegepas kan word. (5 × 2) (10)

5.3 Identifiseer en verduidelik VYF liasseerstelselvereistes wat tot voordeel van die Sunnyside Hotel-uitbreidingsprojek sal wees. (5 × 2) (10)

5.4 Verduidelik TWEE stelsels wat Matthew Maisa kan gebruik om projekdokumente te rugsteun. (2 × 2) (4)

5.5 Noem en verduidelik enige DRIE strategieë wat Sipho Koane kan gebruik om konflik in sy span te hanteer. (3 × 2) (6)

5.6 Definieer die term *spandinamika.* (2)
[35]

VRAAG 6

6.1 Noem VIER hulpbronne wat benodig word om die bostaande projek te voltooi. (4)

6.2 'n Gantt-grafiek is 'n baie nuttige projekbestuurhulpmiddel.

6.2.1 Bespreek VYF voordele daarvan om 'n Gantt-grafiek vir die projek te gebruik.

6.2.2 Bespreek VYF beperkings van die gebruik van 'n Gantt-grafiek vir die projek.

(2 × 5) (10)

6.3 Hoe kan Matthew Maisa die bostaande projek versnel? (2)

6.4 Ontwerp 'n eenvoudige veranderingsbestuurtemplaat vir die Sunnyside Hotel-projek. (10)

6.5 Identifiseer VIER ondersteuningstelsels wat Matthew Maisa vir die projekspan beskikbaar moet hê. (4)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou